Leipie Nuus

14 -18 MEI 2018

Nommer 13/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 14 Mei

Netbal:	Oefening o/7 vanaf 13:40-14:30, o/8-o/9 vanaf 14:00-15:00, o/10-o/13A&B, o/12-o/13C vanaf 14:00-15:15, o/10-o/11C vanaf 15:15-16:15
Rugby:	Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00 o/12, o/13 finale proewe
Landloop:	Oefening 16:30-17:00 H/s Centurion
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 15 Mei

Netbal:	Oefening o/7 vanaf 13:40-14:30, o/8, o/9 vanaf 14:00-15:00 Wedstryde vs L/s Anton v Wouw (weg)
Rugby:	Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15 Foto's word geneem

Wo 16 Mei

Jnr koor:	Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor:	Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak:	Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
Musiekblyspel:	Oefening praatrolle vanaf 16:00-17:00
KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop:	Oefening 16:30-17:30 H/s Centurion

Do 17 Mei

Netbal/Rugby:	Wedstryde vs L/s Swartkop (tuis)
Mini-Netbal:	Wedstryde te Midstream Ridge

Vr 18 Mei

Redenaars:	ATKV redenaars semi-finaal te H/s Menlopark

Sat 19 Mei

Bulletjie rugby:	Wedstryde te L/s Swartkop

Ma 21 Mei

Netbal:	Oefening o/7 vanaf 13:40-14:30, o/8-o/9 vanaf 14:00-15:00, o/10-o/13A&B, o/12-o/13C vanaf 14:00-15:15, o/10-o/11C vanaf 15:15-16:15
Rugby:	Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Landloop:	Oefening 16:30-17:00 H/s Centurion
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

UIT DIE KANTOOR:

L/S LOUIS LEIPOLDT GHOLFDAG:
Ons jaarlikse gholfdag vind Woensdag 13 Junie by Centurion Gholfklub plaas.
Help ons asb met hierdie fondsinsameling vir die skool deur vir ons pryse/geskenkbewyse of wyn te stuur. Leerders wat 'n prys bring kry 'n sjokolade en mag ook die Vrydag van die week waarin hul 'n prys gebring het, gewone klere aantrek. Vertel asb ook u vriende en kollegas van ons gholfdag. Ouers met eie besighede wat die dag wil gebruik as bemarkingsplatform kan gerus die skool skakel vir besonderhede.
Indien u belangstel om te speel, skryf asb so gou moontlik in.
Daar is slegs beperkte plek beskikbaar. R2 500-00 per vierbal.

WINTERSDRAG: Aangesien daar nog warm dae is en leerders baadjie en skoene uittrek, is die oorgangstydperk verleng tot 1 Junie. Dan is wintersdrag verpligtend.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Kraal Kunstefees: Nina Strydom – Solo Jazz A+, Solo Afrikaans A+, Solo Pop Upbeat A+
Rugby: Die volgende leerders behaal Distrikspan – o/13 Divan v Tonder, o/12 Reinhard Beyers, Justin v Vuuren, Jeandré Kroukamp, Reinhard Grobler.
Parkrun: Elmarie en Reinhard Koen voltooi 50 parkruns. Dit is gelykstaande aan 250km. Hulle het dit in net meer as 'n jaar voltooi.
Skaak: Louis Leipoldt wen liga vs Raslouw.
AMESA Wiskunde: Gr 4-7 leerders neem deel aan rondte 1 van die AMESA Wiskunde. 91 van ons leerders het deurgedring na rondte 2 wat later die kwartaal geskryf word.

BELANGRIKE DATUMS:

- ***15 Mei:*** FAK Afrikaanse Slypskool vir ouers
  Kontak Me v Rensburg vir inligting
- ***19 Mei:*** H/s Centurion Woeriefees
- ***28 Mei:*** Mini-Netbal afsluiting
- ***1 Junie:*** Alle leerders dra wintersdrag
  Gr1 inskrywings 2019 sluit middernag
- ***13 Junie:*** L/s Louis Leipoldt Gholfdag te Centurion Gholfbaan

H/S CENTURION WOERIEFEES:
H/s Centurion nooi graag L/s Louis Leipoldt en hul ouers uit om saam met ons ons te kom feesvier! Die dag beloof om vol opwinding te wees, met Elvis Blue as ons hoofkunstenaar en vele ander talent wat gaan sorg vir vermaak.
Daar sal ook heerlike kos, stalletjies, kindervermaak en biertuin wees. Kom wees deel van die ongelooflike viering, kom kuier saam en kom beleef die Woerie-hartklop!
R60 vir 60 jaar! Kaartjies om die hele dag se gebeurtenisse en Elvis Blue se vertoning by te woon, kos R60 en is aanlyn beskikbaar deur iTickets by https://itickets.co.za/events/397986.
U kan ook gerus u kaartjies by L/s Louis Leipoldt of by Me A Herbst by H/s Centurion se finansiekantoor verkry. Kaartjies sal ook op 19 Mei by die hekke beskikbaar wees.

Dansers: Ons is op soek na enige dansstudio wie se dogters in ons skool is, wat 'n dansitem kan lewer by H/s Centurion se feesverhoog op 19 Mei.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Mnr DP Hoffman het in 1967 die skoollied se musiek geskryf. Mnr C Olivier het die woorde geskryf. Die lied is die eerste keer op 28 September 1967 by 'n Louis Leipoldt huldigingsaand gespeel.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 1475705

GR 4 WISKUNDE:
Voorbereidingsklas vir die wiskunde toets van 22 Mei word 16 Mei vanaf 15:00-16:00 in Me Natasha Keyser se klas aangebied.

SPELETJIES AAND – KIX KLUB:
Alle Gr 4-7 leerders welkom. 1 Junie vanaf 18:00-19:30 in die saal. Navrae – Heinrich 076 497 5274

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

CENTURION BEJAARDESORG UITREIK:
Stuur asb vir ons leë glasbottels met skroefproppe soos bv grondboontjiebotter-, blatjang-, mayonnaisebottels.
Stuur asb na Me Jansen.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

MUSIEKBLYSPEL:
Ons is ook nog opsoek na kleremaaksters vir klere vir die musiekblyspel teen betaling.
Kontak asb Me v Rensburg.

TEKKIE TAX:
Plakkers te koop @ R10 elke pouse op die aantreeblad.
Bestellings vir veters @R35 moet teen 18 Mei betaal wees.
Aflewering volg voor 25 Mei.
Veters kan op 28 Mei gedra word.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders mag in 2018 'n trui dra wat geborduur is met Gr 7 en LL logo. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk. Dit neem ongeveer 1 week.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie **Makro** en **My School** kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n **My Schoolkaart**. U ontvang dadelik u **My School kaart.** Indien u reeds 'n **Makrokaart** het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in **Makro** doen, dit is 'n vinnige proses.

FINANSIES:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER